

AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 6

TYD: 1 UUR

TOTAAL: 50

AFDELING A: LEESBEGRIP (20)

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES (30)

AFDELING A: LEESBEGRIP

Lees die leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg in VOLSINNE, tensy anders aangedui.



VUILBAARD PRAAT EN DAAR TREK DIE MOERSLEUTEL deur Lucas Meyer

- 1 'n Leeu se gebrul is genoeg om selfs die dapperste broek te laat bewe.

- 2 Daarom neem niemand die werktuigkundige kwalik wat sonder sy moersleutel laat spaander het toe Vuilbaard sy stem verhef het op die bakkie waaraan hy gewerk het nie.
- 3 Op Randfontein aan die Wes-Rand, loop verskeie werknemers van Ben Morgenrood-motors grootoog en vertel van hul “kennismaking” met ‘n leemannetjie van mnr. Douglas Fletcher van Vryburg.
- 4 Alles het begin toe Fletcher, wat op sy plaas teel, ‘n “probleemannetjie” by die Kruger-wildtuin gaan haal het. Die mannetjie is saam met twee ander leeus by Skukuza vir beestuberkulose getoets. Die uitslae was negatief.
- 5 Onderweg terug na sy plaas op Vryburg, met “ta” agterin ‘n krat op sy bakkie, het Fletcher probleme met sy voertuig ondervind.
- 6 Hy het op Randfontein stilgehou om die bakkie te laat regmaak. So terloops sê hy toe aan een van die werknemers by die motorhawe dat daar ‘n “leeu agterop die bakkie” is.
- 7 Niemand het hom geglo nie.
- 8 Mnr. Shaun Prinsloo, ‘n werktuigkundige wat aan die bakkie gewerk het, se nuuskierigheid het die oorhand gekry. Hy het die deur van die houer waarin die 18 maande-oue leeu was, versigtig oopgeskuif en is met ‘n brul gegroet!
- 9 “Man,” sê Prinsloo, “ek het nog nooit so groot geskrik nie. Ek soek nou nog na my moersleutel.”
- 10 Fletcher lag net vir die groot skrik van die manne by die motorhawe.



VRAE:

1. Voltooi: As jou “broek bewe” is jy: _____ (1)
2. “Vuilbaard praat” beteken dieselfde as:
 - a) Die vuil werktuigkundige praat.

- b) Die vuil leeu maak 'n lawaai.
c) Die leeu gee 'n harde brul.
d) Die man met die vuil baard vertel. (1)
3. Watter uitdrukking beteken dieselfde as hard "praat"? (1)
4. Watter woord in paragraaf 5 verwys na die leeu? (1)
5. Watter werk doen 'n werktuigkundige? (1)
6. Waar is Skukuza geleë? (1)
7. "Niemand het hom geglo nie." Wat het hulle nie geglo nie? (1)
8. Hoekom wou Fletcher 'n leeu na sy plaas neem? (1)
9. Waarvan lei ons af dat die leeu nie siek is nie? (1)
10. Waar woon mnr. Fletcher? (1)
11. Wat beteken dit as iemand "laat spaander"? (1)
12. Verduidelik in jou eie woorde wat beestuberkulose beteken. (1)
13. Is die volgende stellings waar of onwaar? Gee 'n rede uit die teks as jy ONWAAR kies.
- 13.1 Die werktuigkundige, Shaun Pieterse, se nuuskierigheid het die oorhand gekry.
- 13.2 Morgenrood-motors is in Randfontein aan die Wes-Rand geleë. (3)
14. Gee een woord uit die leesstuk wat min of meer dieselfde beteken:
- 14.1 Eienaam vir "Maanhaar".
14.2 'n Stuk gereedskap wat werktuigkundiges dikwels gebruik om hul werk te doen.
14.3 'n Houer met raamwerk van latte of mandjiesgoed om iets wat weggestuur word te beskerm.
14.4 Eerste ontmoeting. (4)

15. Gee 'n antoniem uit die leesstuk vir "vind". (1)

[20]

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

Vraag 1

Verdeel die volgende woorde in korrekte lettergrepe:

1.1 universiteit

1.2 argeologiese (2)

Vraag 2

Lees die sinne en skryf 'n sinoniem vir elke donkergedrukte woord neer. (Skryf net die sinoniem neer.)

2.1 Was jy al ooit in die **spelonk** in daardie berg?

2.2 Die **suinige** man lewe glo in vrees.

2.3 Ons het 'n **aangename** aand by hulle deurgebring.

2.4 Die **beskonke** man is deur 'n motor raakgery. (4)



Vraag 3

Lees die onderstaande sin en beantwoord die vrae:

Niemand glo hom nie.

3.1 Skryf die sin in die **verlede tyd**.

3.2 Skryf die sin in die **toekomende tyd**. (2)

Vraag 4

Kies die korrekte homofoon tussen hakies.

4.1 Die donkie beweeg soos 'n (pyl, peil) uit 'n boog na die water.

4.2 Die man (lei, ly) sy donkie na die dorp.

4.3 Dit is nie die waarheid nie, maar 'n (leun, leuen).

4.4 Die skape (wei, wy) teen die heuwel. ($4 \times \frac{1}{2} = 2$)

Vraag 5

Voeg die regte agtervoegsel agteraan elke woord om die woord te verander na die woordsoort tussen hakies.

5.1 gaaf (b.nw.)

5.2 kopie (ww.)

5.3 oud (s.nw.) (3)

Vraag 6

Kies die korrekte voornaamwoord tussen hakies en skryf dit neer.

6.1 'n Botanis is iemand (wie, wat) plante bestudeer. ($\frac{1}{2}$)

6.2 Hier is die paadjie (waarlangs, waarmee) ons geloop het. ($\frac{1}{2}$)

Verbind die sinne met die korrekte vorm van die woorde in hakies:

6.3 Daar is die muur. Ek het agter die muur geskuil. (wat + agter) (1)

Vraag 7

Skryf twee bywoorde uit die sin neer:

7.1 Fletcher lag heerlijk vir die manne wat daar werk. (2)

Vraag 8

Skryf die sinne oor en voeg al die regte leestekens in, waar nodig, sodat die regte boodskap gekry kan word.

8.1 Jy Elsa is regtig 'n gawe maat

8.2 Eina die sand brand my voete

8.3 Susan my vriendin trek môre Natal toe (3)

Vraag 9

Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:

9.1 Erdewerk is bros. Dit kan maklik breek. (omdat)

9.2 Die klei was te droog. Dit het maklik gebreek. (gevolglik) (2)



Vraag 10

Lees die onderstaande sin en kies die korrekte letter vir die vrae:

Van ver kan die arme Terrence reeds die verwoesting sien.

10.1 **Die gesegde in die sin is:**

a) kan

- b) kan sien
- c) sien

10.2 Die onderwerp en voorwerp in die sin is:

- a) Terence **en** die verwoesting
- b) Van ver **en** die arme Terence
- c) Verwoesting **en** van ver (2)

Vraag 11

Is die volgende sinne 'n enkelvoudige, saamgestelde- of veelvoudige sin?

Skryf net neer watter soort sin jy dink dit is.

11.1 Die kinders versorg die diere wat bang is.

11.2 Die kinders versorg die diere.

11.3 Die kinders versorg die diere, want die diere is soms bang. (3)

Vraag 12

Skryf die sinne oor in die direkte rede. Maak seker dat jy al die leestekens korrek gebruik om al die punte te bekom.

12.1 Annette het gesê sy het al die fliëk gesien. (1)

12.2 Anton het gesê dat hy en sy pa die vorige aand uit was. (1)

Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.

12.3 Susan sê: "Ek het julle gesien." (1)

[30]

TOTAAL: 50

